



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

**EKONOMIE V2
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
 - AFDELING A: VERPLIGTEND
 - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
 - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
7. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vlakke van die vrae voldoen.
8. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele vrae wat beantwoord is, sal NIE nagesien word NIE.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.
- 1.1.1 Daar is 'n ... verhouding tussen die prys van produk A en die hoeveelheid van komplement produk B aangevra.
- A negatiewe
 - B positiewe
 - C nul
 - D normale
- 1.1.2 'n ... is 'n hibriede markstruktuur.
- A Monopolie
 - B Oligopolie
 - C Monopolistiese mededinger
 - D Volmaakte mededinger
- 1.1.3 Totale koste is gelyk aan vaste koste plus ... koste.
- A veranderlike
 - B gemiddelde
 - C marginale
 - D stygende
- 1.1.4 'n Negatiewe inkomelastisiteitskoëffisiënt toon dat die produk 'n ... goed is.
- A minderwaardige
 - B normale
 - C luukse
 - D basiese
- 1.1.5 'n Stelsel wat gebruik word om afval in bruikbare produkte te omskep, word ... genoem.
- A produksie
 - B herverdeling
 - C herwinning
 - D storting ('dumping')

- 1.1.6 'n Ekonomiese stelsel wat 'n bydraer is tot die Noord-Suid verdeel, is ...
- A sosialisme.
 - B kapitalisme.
 - C gemengde ekonomiese stelsel.
 - D gemeenskaplike stelsel.
- 1.1.7 Hulpbronne wat uitgeput mag raak indien dit nie op 'n volhoubare manier bestuur word nie, staan as ... hulpbronne bekend.
- A natuurlike
 - B mensgemaakte
 - C eindigende
 - D hernubare
- 1.1.8 In Suid-Afrika is huishoudelike afval die verantwoordelikheid van die ...
- A sentrale regering.
 - B provinsiale regering.
 - C huishoudings.
 - D plaaslike regering.

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Markewewig	A uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite oor nasionale grense
1.2.2 Rekeningkundige winste	B oordragbetalings aan behoeftiges
1.2.3 Kruiselasiteit van vraag	C totale vraag is gelyk aan totale aanbod
1.2.4 Onverwante goedere	D 'n gemeenskap van organismes tesame met hul omgewing
1.2.5 Sosiale toelaes	E verskil tussen totale inkomme uit die verkoop van goedere en eksplisiete koste
1.2.6 Handelsversperrings/ -beperkings	F verandering in die prys van een goed het geen uitwerking op die hoeveelheid aangevra van 'n ander goed nie
1.2.7 Internasionalisering	G sensitiwiteit van die vraag na een goed op 'n verandering in die prys van 'n ander goed
1.2.8 Ekosisteem	H beperkings wat op internasionale handel geplaas word I reaksie van die hoeveelheid aangebied tot 'n verandering in die prys van 'n goed

(8 x 1)

(8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Ondernemings wat dieselfde soort goedere produseer

1.3.2 Die waarde van insette wat deur die entrepreneur besit word en in die produksieproses gebruik word

1.3.3 Die werklike prys van 'n individuele item op 'n spesifieke tyd

1.3.4 'n Koste of voordeel van 'n goed of diens wat geïgnoreer word in die prys wat vir 'n derde party gehef word

1.3.5 Kennis wat 'n praktiese toepassing het in die daaglikse oorlewing van plaaslike gemeenskappe

1.3.6 Verskeidenheid van plant- en dierspesies in 'n spesifieke gebied

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van substituuigoedere. (2)

2.1.2 Hoe is die faktor- en produktemarkte verwant aan mekaar? (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 In watter industrie is bostaande besighede? (1)

2.2.2 Noem die markstruktuur met slegs twee produsente. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die begrip *kartel*. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks *nie-prysmededinging* as 'n kenmerk van 'n oligopolie. (2)

2.2.5 Hoekom span besighede dikwels saam, alhoewel dit in Suid-Afrika onwettig is? (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TOTALE NUT EN MARGINALE NUT ('UTILITY') SKEDULE		
EENHEDE VERBRUIK	TOTALE NUT	MARGINALE NUT
0	0	-
1	10	10
2	16	6
3	A	5
4	23	2
5	24	1
6	24	0
7	20	-4
8	14	-6

- 2.3.1 Wat word gebruik om nut te meet? (1)
- 2.3.2 Wat is die waarde van **A**? (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die begrip *marginale nut*. (2)
- 2.3.4 Verduidelik die frase *nut is subjektief*, as 'n kenmerk van nut. (2)
- 2.3.5 Gebruik die inligting in bostaande tabel om die totale en marginale nutkurwes, met volledige byskrifte, te teken. (4)
- 2.4 Verduidelik kortliks *relatiewe onelastiese aanbod* en *eenheid-elastisiteit van aanbod* as 'n graad van pryselastisiteit van aanbod, sonder die gebruik van grafieke. (8)
- 2.5 Ondersoek die belangrikheid van relatiewe pryse in die ekonomie. (8)

[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van nie-hernubare hulpbronne. (2)

3.1.2 Hoe het globale markte voordeel uit verbeterde mededinging getrek? (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INTERNASIONALE HANDEL EN GLOBALISASIE

By die Bretton Woods-konferensie het politici saamgestem om reëls neer te lê vir internasionale handel en finansies en vir die befondsing van internasionale instellings wat toesig moet hou oor die proses van globalisasie. Hierdie instellings sluit die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en die WHO in. Die globale uitbreiding van korporasies in die Verenigde State en Europa en ander ontwikkelinge in wetenskap en tegnologie is die dryfveer agter globalisasie.

[Aangepas en vertaal uit *Clever Economics*. bl. 83]

3.2.1 Wat is die geldeenheid van die Verenigde State? (1)


3.2.2 Waarvoor staan die afkorting WHO? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *internasionale handel*. (2)

3.2.4 Verduidelik kortliks die rol van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF). (2)

3.2.5 Hoe sal ontwikkelde lande daaruit voordeel trek om met Afrika-lande handel te dryf? (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit <https://wilbrink.co.za/inspection-authority/regulations>]

- 3.3.1 Noem die soort besoedeling wat veroorsaak kan word deur afval in die omgewing te stort. (1)
- 3.3.2 Noem die soort afval wat in bostaande foto getoon word. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die begrip *omgewing*. (2)
- 3.3.4 Verduidelik die Kyoto Protokol as 'n internasionale ooreenkoms om klimaatsverandering te verminder. (2)
- 3.3.5 Ondersoek die impak van plastiese besoedeling op die omgewing. (4)
- 3.4 Verduidelik verhoogde *buitelandse handel* en *kulturele veranderinge* as gevolg van globalisasie. (8)
- 3.5 Hoe kan nie-hernubare hulpbronne teen uitwissing beskerm word? (8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

- 4.1 4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van konstante/vaste koste. (2)
- 4.1.2 Hoe kan belasting gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (2)
- 4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.2.1 Wat word punt **E** genoem? (1)
- 4.2.2 Hoe lyk die vraagkurwe van die besigheid in 'n volmaakte mark? (1)
- 4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *mark*. (2)
- 4.2.4 Verduidelik kortliks die *aard van produkte* as 'n kenmerk van 'n volmaakte mark. (2)
- 4.2.5 Hoekom maak 'n volmaakte mededinger slegs 'n normale wins oor die langtermyn? (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NOORD-SUID VERDEEL

Noord-Suid verdeel omskryf die sosio-ekonomiese en politieke kategorieë van lande.

Die Noord-verdeel bestaan uit lande wat ontwikkelde ekonomieë het en as ryk lande beskou word. Al die lede van die G8 kom uit die Noord-verdeel. Lande in die Noord- en Suid-verdeel het verskillende vlakke van ekonomiese groei.

Die Noord-Suid verdeel word gekritiseer as 'n manier om skeiding te maak tussen mense op ekonomiese gebied en word beskou as 'n faktor in die verbreding van die gaping tussen ontwikkelde en ontwikkelende ekonomieë. Die VN is op die voorpunt om die Noord-Suid verdeel te laat krimp deur beleide wat in hul Millennium Ontwikkelingsdoelwitte aangespreek word.

[Bron: www.worldatlas.com]

- 4.3.1 Noem EEN land wat deel is van die G8. (1)
- 4.3.2 In watter deel van die Verdeel word daar verwag dat mense langer sal lewe? (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *ekonomiese groei*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik die doelwit van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte. (2)
- 4.3.5 Hoekom is dit moeilik vir die lande in die Suid-verdeel om mee te ding met lande in die Noord-verdeel? (4)
- 4.4 Onderskei tussen die *korttermyn* en die *langtermyn*. (8)
- 4.5 Ondersoek die rol wat mense in die beskadiging van die ekosisteem speel. (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie begin is om 'n begrip of sleutelwoord wat in die vraag voorkom, te definieer. • Moenie enige deel van die vraag by jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie. • Moenie in die inleiding sê wat jy in die inhoud gaan bespreek nie. 	Maks. 2
Inhoud Hoofgedeelte: Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Oonderskei/Differensieer/Verduidelik Addisionele gedeelte: Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Oonderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoëordeslot moet die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort opsomming van wat bespreek is, sonder herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking/ontleding te versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die volgende faktore wat elasticiteit van vraag bepaal.
 - Aard van die produk (10)
 - Duursaamheid van die produk (8)
 - Tydsperiode (8) (26)
 - Ondersoek die uitwerking van prys-onelastisiteit van vraag op inkome. (10)
- [40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek die oorsake van globalisasie deur op die volgende te fokus:
 - Handelsliberalisering (10)
 - Multinasionale ondernemings (10)
 - Standaardisering (6) (26)
 - Evalueer die negatiewe impak van globalisasie op die omgewing. (10)
- [40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

**EKONOMIE V2
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- | | | | | | |
|-------|---|----|---------------------------|---------|------|
| 1.1.1 | B | ✓✓ | positiewe | | |
| 1.1.2 | C | ✓✓ | monopolistiese mededinger | | |
| 1.1.3 | A | ✓✓ | veranderlike | | |
| 1.1.4 | A | ✓✓ | minderwaardige | | |
| 1.1.5 | C | ✓✓ | herwinning | | |
| 1.1.6 | B | ✓✓ | kapitalisme | | |
| 1.1.7 | D | ✓✓ | hernubare | | |
| 1.1.8 | D | ✓✓ | plaaslike regering | (8 x 2) | (16) |

1.2 PASITEMS

- | | | | | | |
|-------|---|---|--|---------|-----|
| 1.2.1 | C | ✓ | totale vraag is gelyk aan totale aanbod | | |
| 1.2.2 | E | ✓ | verskil tussen totale inkome uit die verkoop van goedere en eksplisiete koste | | |
| 1.2.3 | G | ✓ | sensitiwiteit van die vraag na een goed op 'n verandering in die prys van 'n ander goed | | |
| 1.2.4 | F | ✓ | verandering in die prys van een goed het geen uitwerking op die hoeveelheid aangevra van 'n ander goed nie | | |
| 1.2.5 | B | ✓ | oordragbetalings aan behoeftiges | | |
| 1.2.6 | H | ✓ | beperkings wat op internasionale handel geplaas word | | |
| 1.2.7 | A | ✓ | uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite oor nasionale grense | | |
| 1.2.8 | D | ✓ | 'n gemeenskap van organismes tesame met hul omgewing | (8 x 1) | (8) |

1.3 GEE EEN TERM

1.3.1 industrie ✓

1.3.2 implisiete koste ✓

1.3.3 nominale prys ✓

1.3.4 eksternaliteit ✓

1.3.5 inheemse kennisstelsels ✓

1.3.6 bio-diversiteit ✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**2.1 Beantwoord die volgende vrae.****2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van substituuigoedere.**

- Botter en margarien ✓
- Tee en koffie ✓
- Beesvleis en skaapvleis ✓
- Coca-Cola en Pepsi ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

2.1.2 Hoe is die faktor- en produktemarkte verwant aan mekaar?

- Die produktemark kan nie sonder die faktormark bestaan nie ✓✓
- Produsente gebruik produksiefaktore uit die faktormark om goedere en dienste in die produktemark te produseer ✓✓
- 'n Tekort aan produksiefaktore in die faktormark, bv. grond as gevolg van 'n droogte, sal voedselproduksie in die produktemark verminder en voedselpryse sal gevolglik styg ✓✓

(2)

2.2 2.2.1 In watter industrie is bostaande besighede?

Motorvoertuig industrie/Voertuigindustrie ✓

(1)

2.2.2 Noem die markstruktuur met slegs twee produsente.

Duopolie ✓

(1)

2.2.3 Beskryf kortliks die begrip *kartel*.

'n Kartel is 'n groep produsente wie se doel dit is om 'n gesamentlike monopolie te vorm. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

2.2.4 Verduidelik kortliks *nie-prysmededinging* as 'n kenmerk van 'n oligopolie.

- Nie-prysmededinging behels maniere waarna besighede soek om verkope te verhoog en kliënte te lok deur ander metodes as slegs die prys, bv. advertensies en kwaliteit van die produk. ✓✓
 - Dit is 'n markstrategie waarmee een onderneming probeer om hulle produkte te onderskei van dié van mededingende produkte op grond van sekere eienskappe, soos ontwerp. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

2.2.5 **Hoekom span besighede dikwels saam alhoewel dit onwettig is in Suid-Afrika?**

- Om pryse vas te stel of uitsetvlakke daar te stel wat gesamentlike winste sal maksimeer ✓✓
- Om beheer oor die markaanbod te verkry ✓✓
- Om die koste van mededinging te verlaag ten einde bemarkingsoorloë te voorkom wat miljoene rande sal kos ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Wat word gebruik om nut te meet?**

Utils ✓

(1)

2.3.2 **Wat is die waarde van A?**

21 ✓

(1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *marginale nut*.**

Addisionele graad van bevrediging wat die verbruiker verkry uit die verbruik van een addisionele eenheid van 'n produk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(2)


2.3.4 **Verduidelik die frase, *nut is subjektief*, as 'n kenmerk van nut.**

Nut verskil van persoon tot persoon. ✓ Dit hang af van die voorkeure van 'n persoon. ✓ Byvoorbeeld, knoffel het nut vir een persoon, maar geen nut vir 'n ander nie. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

2.3.5 Gebruik die inligting in bostaande tabel om totale en marginale nutkurwes, met volledige byskrifte, te teken.



(4)

2.4 Verduidelik kortliks *relatiewe onelastiese aanbod* en *eenheid-elasticiteit van aanbod* as 'n graad van pryselastisiteit van aanbod, sonder die gebruik van grafieke.

Relatiewe onelastiese aanbod

- Pryselastisiteit is minder as een ($PEA < 1$) ✓✓
- 'n Verandering in prys sal lei tot 'n kleiner persentasie verandering in die hoeveelheid aangebied ✓✓
- Produsente sal sukkel om aan te pas by die prysstyging, veral oor die korttermyn ✓✓

Eenheid elastiese aanbod

- Pryselastisiteit is gelyk aan een ($PEA = 1$) ✓✓
- 'n Verandering in prys sal lei tot presies dieselfde persentasie verandering in die hoeveelheid aangebied ✓✓
- Die aanbodkurwe lyk soos die normale aanbodkurwe met 'n positiewe helling van links na regs ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(8)

2.5 Onderzoek die belangrikheid van relatiewe pryse in die ekonomie.

- Relatiewe pryse dra belangrike inligting oor betreffende die skaarsheid van sekere goedere ✓✓
- Word gebruik deur verbruikers, besighede en die regering om te besluit watter goedere en hulpbronne om aan te koop ✓✓
- Gee belangrike inligting weer vir die doeltreffende toekenning van hulpbronne regoor enige markeconomie ✓✓
- Dit is moontlik vir die regering om die vlak van inflasie, ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling in die land, vas te stel ✓✓
- Dit kan deur ekonome gebruik word om die ekonomiese prestasie van die land te assesseer en dit met ander lande te vergelyk ✓✓
- Die regering gebruik die relatiewe pryse om te kyk in watter rigting die ekonomie neig, bv. of die toestand van die ekonomie verswak of verbeter. ✓✓
- Relatiewe pryse is belangrik vir die Reserwebank en die regering ten einde doeltreffende besluite te neem oor die korrekte gebruik en implementering van beide fiskale en monetêre beleide ✓✓
- Omdat relatiewe pryse die middelpunt is van die dinamika van markte, sal beleidmakers hulle besluite daarop baseer. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(8)
[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**3.1 Beantwoord die volgende vrae.****3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van nie-hernubare hulpbronne.**

- Olie ✓
- Natuurlike gas ✓
- Steenkool ✓
- Kernkrag ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

3.1.2 Hoe het globale markte voordeel getrek uit verbeterde mededinging?

- Globale markte trek voordeel uit verbeterde kwaliteit van goedere en dienste ✓✓
- Markte sal toegang tot nuwe kliënte hê ✓✓
- Besighede sal skaalvoordele genereer wat totale en gemiddelde produksiekoste sal verlaag ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

3.2 DATARESPONS**3.2.1 Wat is die geldeenheid van die Verenigde State?**

VSA dollar ✓

(1)

3.2.2 Waarvoor staan die afkorting WHO?

Wêreld Handelsorganisasie ✓

(1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *internasionale handel*.

Die ruil van goedere en dienste van een land met 'n ander land. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(2)

3.2.4 Verduidelik kortliks die rol van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF).

- Verantwoordelik vir die algemene toesig oor die internasionale finansiële stelsel ✓✓
- Fasiliteer internasionale betalings tussen lande ✓✓
- Verskaf lenings aan lande met betalingsbalansprobleme ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

3.2.5 Hoe sal ontwikkelde lande daaruit voordeel trek om handel te dryf met Afrika-lande?

- Hulle trek voordeel uit goedkoper arbeid uit Afrika-lande ✓✓
- Afrika-lande, spesifiek Suid-Afrika, is geseënd met minerale hulpbronne wat skaars is in ontwikkelde lande ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(2 x 2)

(4)

- 3.3 3.3.1 **Noem die soort besoedeling wat veroorsaak kan word deur afval in die omgewing te stort.**
Grondbesoedeling / Omgewingsbesoedeling ✓ (1)
- 3.3.2 **Noem die soort afval wat in bostaande foto aangetoon word.**
Vaste afvalstowwe ✓ (1)
- 3.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *omgewing*.**
Omgewing verwys na die fisiese omgewing en die fisiese toestand daarvan wat mense se lewens beïnvloed. Dit sluit grond, see en atmosfeer in. / Sluit alle lewende en nie-lewende dinge wat natuurlik voorkom in ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (2)
- 3.3.4 **Verduidelik die Kyoto Protokol as 'n internasionale ooreenkoms om klimaatsverandering te verminder.**
- Dit is 'n wetlik bindende ooreenkoms waarby geïndustrialiseerde lande ooreengekom het om die uitlaat van kweekhuiskasse te verminder ✓✓
 - Hulle onderneem om konsentrasies van kweekhuiskasse te stabiliseer teen vlakke wat klimaatsverandering kan voorkom ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)
- 3.3.5 **Ondersoek die impak van plastiese besoedeling op die omgewing.**
- Plastiek word gemaak uit ru-olie wat 'n beduidende hoeveelheid besoedeling afgee en nie degradeerbaar is nie ✓✓
 - Dit maak seidiere dood aangesien hulle dit foutiewelik as voedsel sien ✓✓
 - Plastiek maak stortingsterreine oorvol en benodig fossielbrandstof vir die produksie daarvan, wat die omgewing beskadig ✓✓
 - Dit bedek die oppervlakte van die oseaan en lei tot die vernietiging van habitat en wildlewe ✓✓
 - Plastiekbeseoedeling veroorsaak skade aan mense, diere en plante deur giftige besoedelingstowwe ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (4)

3.4 **Verduidelik verhoogde *buitelandse handel* en *kulturele veranderinge* as gevolg van globalisasie.**

Verhoogde buitelandse handel

- Internasionale handel het geweldig gegroei as gevolg van globalisasie ✓✓
- Buitelandse handel het toegeneem as gevolg van handelsooreenkomste, verwydering van handelsbeperkings en die inmenging van instellings wat daarop gemik was om internasionale handel te verbeter ✓✓
- Die toename in buitelandse handel het toegang verskaf tot 'n wye verskeidenheid van buitelandse produkte en dienste aan verbruikers in alle lande ✓✓
- Dit is moontlik vir besighede om toegang tot buitelandse grondstowwe en komponente te verkry ✓✓ (2 x 2) (4)

Kulturele veranderinge

- Globalisasie het daartoe gelei dat verskeie kulture bymekaar uitgekom het. ✓✓
 - Sommige lande neig om die kultuur van ander lande aan te neem en hulle eie kultuur af te skeep. ✓✓
 - Kookstyle, musiekstyle, kunsvorms, tale en gewoontes het internasionaal versprei as gevolg van globalisasie. ✓✓
 - Mense van een kultuur ontdek tekortkominge in hul kultuur wanneer hulle met ander kulture in kontak kom. ✓✓
 - Gemeenskappe het uitgebrei soos wat hulle mense uit ander kulture en agtergronde ingeneem het en het sodoende 'n hele nuwe kultuur van hulle eie geskep en dit mag lei tot 'n wêreld met 'n globale kultuur. ✓✓ (2 x 2) (4)
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (8)

3.5 Hoe kan nie-hernubare hulpbronne teen uitwissing beskerm word?

Nie-hernubare hulpbronne kan beskerm word deur:

- hulpbronne, soos water, doeltreffend te bestuur deur slegs die vereiste hoeveelheid te gebruik en nie lopende krane sonder toesig te los nie ✓✓
- swart en grys water terug na hulle oorspronklike toestand te behandel vir beide plaaslike en industriële gebruik ✓✓
- elektrisiteit te bespaar, omdat dit van steenkool en natuurlike gas afkomstig is, deur items wat nie in gebruik is nie te ontkoppel en meer energie-doeltreffende toestelle en gloeilampies te gebruik ✓✓
- die gebruik van plastiek te verminder soos plastiek inkopiesakkies, strooitjies, ens. en dit te vervang met meer duursame items, wat die gebruik van die plastiek hulpbronne sal vermy en sodoende plastiese afval, wat die omgewing beskadig, sal verhoed ✓✓
- volhoubare landboupraktyke te gebruik en oeste te roteer en dekgewasse te plant om die grond gesond te hou en ook deur minder chemikalieë te gebruik en biologiese pesbeheer en natuurlike bemestingstowwe te integreer ✓✓
- wetgewing en regulasies toe te pas wat mense sal inlig oor die noodigheid van die bewaring van hulpbronne vir toekomstige geslagte en swaar boetes op te lê op individue wat nie hieraan gehoor gee nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(4 x 2)

(8)

[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**4.1 4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van konstante/vaste koste.**

- Huur ✓
- Versekeringspremies ✓
- Rente op lenings ✓
- Waardevermindering ✓
- Lone en salarisse ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

4.1.2 Hoe kan belasting gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker?

- Die regering hef groenbelasting en omgewingsbelasting op produkte wat met hoë besoedelingsvlakke geassosieer word ✓✓
- Gebruik belastinginkome om omgewingsvriendelike produkte te bemark, bv. sonkrag-warmwaterstelsels ✓✓
- Belasting word ingestel op ekonomiese afval, byvoorbeeld op gebruikte motorbande ✓✓
- Belasting word ook ingestel op nie-degradeerbare plastiekinkopiesakke deur die prys te verhoog ten einde die gebruik daarvan te ontmoedig ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

4.2 DATARESPONS**4.2.1 Wat word punt E genoem?**

Wins maksimaliserende punt ✓

(1)

4.2.2 Hoe lyk die vraagkurwe van die besigheid in 'n volmaakte mark?

Horisontaal ✓

(1)

4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *mark*.

Mark is 'n meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste bymekaarbring ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

4.2.4 Verduidelik kortliks die *aard van produkte* as 'n kenmerk van 'n volmaakte mark.

- Al die produkte wat in die spesifieke mark verkoop word, is homogeen ✓✓
- Dit is identies in alle opsigte, betreffende kwaliteit, voorkoms, ens. ✓✓
- Geen koper het enige voorkeur vir die produk van enige individuele verkoper bo dié van 'n ander nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

4.2.5 **Hoekom maak 'n volmaakte mededinger slegs 'n normale wins oor die langtermyn?**

- Ekonomiese wins oor die korttermyn lok nuwe besighede om toe te tree tot die mark ✓✓
- Die aanbod van die industrie neem dus toe ✓✓
- Die markprys daal vir alle besighede totdat normal wins weer gerealiseer word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Noem EEN land wat deel van die G8 is.**

Italië/Japan/Frankryk/Rusland/Kanada/VSA/Duitsland/Brittanje ✓

(1)

4.3.2 **In watter deel van die Verdeel word daar verwag dat mense langer sal lewe?**

Noord ✓

(1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *ekonomiese groei*.**

Die toename in die produksievermoë van 'n land gemeet in reële BBP ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

4.3.4 **Verduidelik die doelwit van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte.**

- Poog om armoede aan te spreek en volhoubare ontwikkeling te verseker ✓✓
- Bereik primêre onderwys oral in die wêreld ✓✓
- Ontwikkel globale vennootskap vir ontwikkeling ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

4.3.5 **Hoekom is dit moeilik vir die lande in die Suid-verdeel om mee te ding met lande in die Noord-verdeel?**

- Die hoofekonomiese aktiwiteit van die lande in die Suid-verdeel is landbou wat dit moeilik maak om mee te ding op hierdie gebied, want die Noord-verdeel subsidieer hulle landbouaktiwiteite ✓✓ daarom kan die Suid-verdeel nie meeding met die laer Noord-verdeel pryse nie. ✓✓
- Die Suid-verdeel moet hoër rentekoerse betaal indien hulle geld wil leen by die Noord-verdeel ✓✓
- Hulle moet hoër pryse betaal om toegelaat te word om nuwe tegnologie te gebruik, wat hulle moet invoer van die Noord-verdeel ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(4)

4.4 Onderskei tussen die korttermyn en die langtermyn.

Korttermyn

- Korttermyn is die periode waartydens een of meer hulpbronne nie verander kan word nie ✓✓
- Korttermyn-koste kan vas of veranderlik wees ✓✓
- Dit is kostes wat 'n korttermyn implikasie op die produksieproses het – dit word oor 'n kort reeks van uitsette aangewend ✓✓
- Dit word eenmalig aangegaan en kan nie weer en weer gebruik word nie, soos byvoorbeeld die betaling vir lone of grondstowwe, ens. ✓✓ Maks. 4

Langtermyn

- Langtermyn is 'n periode waarbinne alle hulpbronne kan verander ✓✓
 - Alle langtermynkoste is veranderlik ✓✓
 - Besighede kan al hul insette verander, insluitende vaste koste ✓✓
 - Alle produksiefaktore en tussentydse insette kan verander soos wat die uitsetvlakke verander ✓✓
 - Langtermynkoste word opgehoop wanneer besighede hulle produksievlakke oor tyd verander, in reaksie op die verwagte winste/verliese ✓✓
 - Produksiefaktore verskil almal om die langtermynkoste van die produksie van goedere en dienste te bereik, ✓✓ Maks. 4
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(8)

4.5 Onderzoek die rol wat mense in die beskadiging van die ekosisteem speel.

- Die uitbuiting van natuurlike hulpbronne en die produksie van afval en ander besoedelingstowwe deur die mens, het gelei tot die beduidende agteruitgang van 'n groot deel van die omgewing se ekosisteem ✓✓
 - Byvoorbeeld, mynbou, ontbossing, brand van fossielbrandstof en besoedeling is sommige van die menslike aktiwiteite wat gelei het tot die beskadiging van die omgewing ✓✓
 - Bowendien het industriële besoedeling die aarde, water en lug besmet en die gebruik van chlorofluorokoolstowwe (KFK) het gedeeltes van die osoonlaag vernietig en die oormatige uitlating van koolstofdioxide (CO₂) in die atmosfeer het bygedra tot 'n kweekhuiseffek wat weer tot aardverwarming lei. ✓✓
 - Deur sekere produkte te gebruik, byvoorbeeld spuitkannetjies, kan mense die omgewing beskadig sonder dat hulle dit eers besef ✓✓
 - Mense gee dikwels min om oor hulle gewoontes wat die omgewing beskadig, en dit as gevolg van eiebelang ✓✓
 - Sommige mense besoedel die omgewing deur rommelstrooiery, weggooi van afval, ens. en die koste word gedra deur ander mense ✓✓ Die gebruik van die omgewing as 'n rommelhoop vir afval veroorsaak dat dit vuiler, leliker en meer ongesond raak ✓✓
 - Die gebruik van die omgewing as 'n produktiewe bron verminder sy geriefswaarde, bv. die gebruik van grond wat omskep is vir landbougebruik lei tot die vernietiging van woude en heinings en dit bederf die skoonheid van die land en lei tot 'n afname in dier- en plantspesies. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

- **Bespreek in detail die volgende faktore wat elasticiteit van vraag bepaal.**
 - **Aard van die produk**
 - **Duursaamheid van die produk**
 - **Tydsperiode**
- **Ondersoek die uitwerking van prys nie-elasticiteit van vraag op inkome.**

INLEIDING

Pryselasticiteit van vraag meet hoeveel verbruikers op 'n verandering in die prys van 'n produk reageer / dit meet hoe sensitief die vraag na die produk is, tot 'n verandering in die prys van die produk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike inleiding.)

(2)

HOOFGEDEELTE

Aard van die produk

- Pryselasticiteit van vraag vir noodsaaklike produkte soos basiese voedsel, elektrisiteit en medisyne neig om onelasties te wees ✓✓
- Dit is onwaarskynlik dat die verandering in die prys 'n uitwerking op die vraag sal hê ✓✓
- Hierdie is belangrike produkte vir oorlewing, so verbruikers sal aanhou om dit te koop, ten spyte van 'n prysverandering/ prysverhoging ✓✓
- Luukse produkte maak dat mense beter voel en verskaf aan hulle 'n meer gerieflike lewenstyl, daarom neig die vraag daarna om meer elasties te wees ✓✓
- Bv. restaurantetes, oorsese vakansies, ens. is nie noodsaaklik vir oorlewing nie en daarom is dit sensitief vir enige prysveranderinge ✓✓
- 'n Prysstyging in luukse goedere sal lei tot 'n groot afname in die hoeveelheid gevra van sodanige goedere ✓✓ (Maks. 10)

Duursaamheid van die produk

- Hoe meer duursaam die produk is, hoe meer elasties sal die vraag daarna wees ✓✓
- Indien die produk vir 'n lang tyd gebruik kan word, sal verbruikers beïnvloed word deur prysstygings en meer huiwerig wees om die produk te koop ✓✓
- Bv. klere, wanneer die pryse van klere styg, sal verbruikers nog hulle ou klere dra en nie nog duurder klere koop nie. ✓✓
- Met prysstygings sal verbruikers die aankope uitstel tot 'n latere datum met die hoop dat pryse sal daal teen die tyd dat hulle die produk moet koop ✓✓
- Vir nie-duursame produkte, neig die vraag om meer onelasties te wees omdat die aankope nie tot 'n latere datum uitgestel kan word nie ✓ (Maks. 8)

Tyd

- Vraag neig om meer elasties oor die langtermyn te wees as oor die korttermyn. ✓✓
- Dit is omdat dit die verbruiker tyd neem om aan te pas by prysveranderinge. ✓✓
- Byvoorbeeld, as die prys van elektrisiteit toeneem, mag mense probeer om hul verbruik te verminder deur op byvoorbeeld verhitte te bespaar, oor die korttermyn. ✓✓
- Oor die langtermyn, sal die verbruik van elektrisiteit tot 'n groot mate daal indien mense hulle elektriese toestelle en verwarmingstelsels vervang met gas. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (Maks. 8)

ADDISIONELE GEDEELTE

- Totale inkomme mag hoër wees as die prys verhoog word en dieselfde hoeveelheid steeds aangevra word. ✓✓
- Daarom kan ondernemings wat onelastiese goedere verkoop, die prys verhoog, minder verkoop maar steeds 'n hoër inkomme verdien. ✓✓
- Pryselastisiteit bied beter buigsaamheid in die vasstel van prysstrategieë, sonder om winste te verlaag. ✓✓
- Ekstra produksiekoste kan oorgedra word aan verbruikers sonder om die vraag nadelig te beïnvloed. ✓✓
- Aan die ander kant, mag die onelastisiteit van prys die totale inkomme verminder as die prys van 'n onelastiese produk (bv. sigarette) verlaag word en daar geen verandering in die vraag is nie (bv. vraag verhoog nie). ✓✓
- Dit dui daarop dat die onderneming nie die prys moet verlaag nie, aangesien hulle nie voordeel sal trek uit sodanige optrede nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (10)

SLOT

Die bestudering van pryselastisiteit van vraag is baie belangrik omdat ekonome, produsente en die regering dit kan gebruik om waardevolle voorspellings te maak oor wat sal gebeur wanneer die prys van 'n produk styg/daal. ✓✓

Die regering pas sy beleid op belastings aan volgens die elastisiteit van die vraag na die produk wat hul wil belas. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike slot.)

(2)

[40]

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

- **Bespreek die oorsake van globalisasie deur op die volgende te fokus:**
 - **Handelsliberalisering**
 - **Multinasionale ondernemings**
 - **Standaardisasering**
- **Evalueer die negatiewe impak van globalisasie op die omgewing.**

INLEIDING

Globalisasie is die proses of interaksie tussen die lande van die wêreld om hulle ekonomieë en gemeenskappe saam te bring ten einde die globale ekonomie te ontwikkel. / Globalisasie is die interaksie en koppeling van ekonomieë met die doel om te kan handel dryf. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike inleiding.)

(2)

HOOFGEDEELTE**Handelsliberalisering**

- Handelsliberalisering is die afskaffing of vermindering van handelsbeperkings tussen lande, bv. invoerbelasting. ✓✓
- Die doel van handelsliberalisering was om internasionale handel te stimuleer. ✓✓
- Dit het na die Tweede Wêreldoorlog begin met die stigting van die AOTH (GATT) deur die Verenigde Nasies. ✓✓
- AOTH-lede het onderhandel vir die afskaffing van handelsbeperkings en hindernisse sowel as om metodes te vind om internasionale handel te vergroot. ✓✓
- Hierdie rol is later in 1994 deur die WHO oorgeneem. ✓✓
- Die WHO verseker dat handelsooreenkomste tussen lande nagekom word en hulle dien as bemiddelaar tydens handelsdispute. ✓✓
- Afskaffing van handelsbeperkings is daarop gemik om buitelandse direkte investering aan te moedig ten einde nywerhede verder te ontwikkel en verbruikers se koopkrag te verhoog. ✓✓
- Die uitvloeï van hierdie optrede was die totstandkoming van uitvoerverwerking-sones (EVSs) in baie lande, waarbinne geen handelstarewê gehef word nie. ✓✓
- Deur handelsliberalisering het sommige lande 'n vryhandelsgebied (VHG) gevorm, waar ooreenkomste bereik is waardeur deelnemende lande alle handelsbeperkings op die ruil van goedere en dienste tussen hulle, afgeskaf het. ✓✓
- Die uitwerking van 'n VHG is dat die totale volume van handel toeneem omdat lande kan spesialiseer in die produkte wat hulle die goedkoopste kan produseer. ✓✓

(Maks. 10)

Multinasionale ondernemings

- Multinasionale ondernemings is maatskappye wat vervaardigings-, diens- en handelondernemings in verskeie lande vestig. ✓✓
- Wanneer hulle goedere en dienste in ander lande produseer, hoef hulle dit nie na daardie land uit te voer nie, so hulle bespaar op die vervoerkoste. ✓✓
- Hulle fasiliteer BDI sowel as die migrasie van gespesialiseerde arbeid wanneer dit nie in die buitelandse mark beskikbaar is nie. ✓✓
- Hulle speel ook 'n groot rol in die verspreiding en implementering van nuwe tegnologieë. ✓✓
- MNO's is maatskappye wat produkte en dienste aan ten minste twee lande lewer. ✓✓
- Hulle produseer produkte in verskeie lande waar die produksiekoste die laagste is en versprei die produkte dan wêreldwyd. ✓✓
- MNO's stel lande bloot aan internasionale produkte wat globalisasie deur middel van internasionale handel bevorder. ✓✓ (Maks.10)

Standaardisasie

- Verwys na die maak van reëls regoor die wêreld, wat dit makliker maak vir lande en besighede om internasionaal handel te dryf en te investeer. ✓✓
- Diegene wat onderworpe is aan die reëls gedra hulle op dieselfde manier en dit bevorder globalisasie. ✓✓
- Globalisasie is bevorder deur 'n aantal fasiliterende reëls, prosedures en norme wat deur internasionale instellings neergelê is. ✓✓
- Voorbeelde van sulke reëls sluit in handelsverhoudings, investering, gesondheidsake, arbeid en die omgewing. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (Maks. 6)

ADDISIONELE GEDEELTE

Globalisasie het die omgewing as volg negatief beïnvloed:

- Druk is op die omgewing geplaas terwyl besoedeling veroorsaak is as gevolg van verhoogde produksie en verbruik. ✓✓
- Druk is geplaas op nie-hernubare energie hulpbronne, bv. petrol, as gevolg van die verhoogde verbruik van brandstof in die produksie van goedere/dienste en die vervoer daarvan tussen lande. ✓✓
- Verhoging in die stort van afval en skadelike chemiese stowwe in die oseane, oliestortings wat gegeneer word as gevolg van verhoogde produksie, en die doodmaak van onderwaterorganismes. ✓✓
- Druk is geplaas op die beskikbaarheid van grond en hulpbronne deur tunnels en snelweë deur en oor berge te bou en grond binne te dring om die weg te baan vir geboue, bv. herstrukturering van die grond. ✓✓
- Storting van verskeie chemikalieë in die grond in die proses om industrialisasie te verbeter, wat weer gelei het tot die groei van baie skadelike onkruid en plante. ✓✓
- Toenemende gebruik van plastiek gedurende verpakking, wat 'n hoofbesoedelingstof is aangesien dit nie degradeerbaar is nie en wydverspreide omgewingsbesoedeling veroorsaak. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (Maks. 10)

SLOT

Globalisasie het 'n belangrike rol gespeel in alle lande van die wêreld aangesien dit baie lande gehelp het om vinniger te groei as wat hulle dit andersins sou kon doen. ✓✓

Werkseleenthede en ekonomiese groei het verbeter, veral in ontwikkelende lande. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike slot.)

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 150

